

**Donderdag 10 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 46 (1953-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Psalm 46:2**

**God, ons krag en hulp in nood**

Die werklikheid van eindtyd-chaos wat alles laat ineerstort, is skrikwekkend. Wanneer die aarde waggel en die berge in die hart van die see wankel, sal dit onwillekeurig vroe bring in die gemoed. Is God wel in beheer?

Ons het self nog nie hierdie verskrikking beleef nie, en was jy al daar waar dit voel asof jou hele lewe in mekaar tuimel. Soms is die oorsaak fisies – 'n aardbewing, of 'n brand wat buite beheer is, of 'n vloed. Maar dit gebeur ook met politieke ontwrigting, en 'n motorongeluk, en as die uitslag kanker is, of Alzheimer's.

Wie kan dan nog sê dat God in beheer is? Hy alleen wat Hom deur ervaring oor jare heen leer ken het as ons beproefde hulp wat ons nooit in die steek laat nie. Gelowiges wat weet dat Hy nie maar HERE van die hemelse leërskaare is nie, maar ook die troue Verbondsgod en my ondeurdringbare skuilplek.

In skerp kontras met die gedruis en geraas van chaosmagte in die wêreld is sy teenwoordigheid. Soos 'n rivier wat rustig vloei en standhoudend ander strome voed, is Hy in die midde van sy volk. Dis die geheim van God se volk. Berge wankel, koninkryke wankel, maar die Godstad wankel nooit, want God is in ons midde teenwoordig. En wanneer die daglik kom, dan red Hy sy volk (Eks. 14:27; 2 Kon. 19:35).

Kyk daarom wat die HERE doen. Hy bring verwoesting, en Hy bring vrede op aarde. En wees dan stil voor Hom. Wees stil, gelowige, sonder om te sidder en te bewe voor bedreiging. Wees stil, o wêreld, want Hy regeer en alle aanslae teen Hom en sy volk is vergeefs.

*Sing: Psalm 68-1:1, 2*

*Ds. BC Smit (Ben) (Pretoria-Meintjeskop)*